LEAD STUDIEGIDS

Ezrah Community Training and Development NPC
081 307 8210 | www.ezrah.co.za | info@ezrah.co.za | PO Box 1021, Strand, 7139
Directors: LA Huysamen, M Jacobs, MP Meyer
133-155 NPO | 930050983 PBO with Section 18A Status | 2013/227807/08 NPC

LEAD STUDIEGIDS

Sessie 1: Liefde (L)

Sessie 2: Goedhartigheid

Sessie 3: Vergifnis

Sessie 4: Eindig sterk (E)

Sessie 5: Passie en doel

Sessie 6: Volharding

Sessie 7: "Attitude" (Gesindheid) (A)

Sessie 8: Uitnemendheid

Sessie 9: Oplossing-gefokus deur goddelike wysheid

Sessie 10: Dissipline (D)

Sessie 11: Ywer en toegewydheid

Sessie 12: Selfbeheersing

TOESTEMMING VAN SKRYWER:

Alhoewel hierdie studiegids onder kopiereg val, gee die skrywer toestemming dat die studiegids in harde kopie gedupliseer, asook binne die volgende grense gebruik mag word:

- Die inhoud van hierdie studiegids mag nie verander word nie.
- Die studiegids moet gratis beskikbaar gemaak word aan deelnemers en mag in geen opsig vir finansiële voordeel gebruik word nie.
- Enige vrae of terugvoer wat verband hou met die gebruik of inhoud van die studiegids moet aan die skrywer gerig word by info@ezrah.co.za.

Studiegidse in elektroniese formaat kan afgelaai by https://www.ezrah.co.za/resources/ of bestel word by **info@ezrah.co.za**.

SESSIE 1: LIEFDE (L)

1. Aanhaling

Die tweede myl is deur Jesus Christus bepaal. Sy goedheid is ons standaard en ons model. Sy gesindheid teenoor ons moet gereflekteer word in ons interaksie met ander mense. Met ander woorde, ons moet in Sy voetspore volg.

- Mel Blackaby (Going the second mile)

2. Bybelverse

a) Efésiërs 3:14-20
b) Efésiërs 4:1-2
c) Efésiërs 5: 1-2
d) Matthéüs 5:43-48
e) Galasiërs 5:22-23

3. Kom ons dink 'n bietjie na:

a) Wat is Paulus se dringende vermaning aan gelowiges in Efésiërs 4:1-2 en Efésiërs 5:1-2 ten opsigte van die roeping waarmee hulle geroep is? Waarom?

b) Wie is ons voorbeeld met hierdie roeping (Efésiërs 5:1-2)?

c) Wie stel gelowiges in staat om ander lief te hê? Hoe word ons in staat gestel? (Efésiërs 3:14-20)

d) Wie word ingesluit in die groep mense aan wie ons liefde moet bewys (Matthéüs 5:43-48)? Waarom moet ons met goedhartigheid en deernis reageer teenoor alle mense, insluitend mense wat ons as vyande behandel (Matthéüs 5:45-48)?

e) Hoe behoort die vrug van die Gees deel te wees van hoe ons ander mense behandel (Gal. 5:22-23)?

f) Op watter praktiese maniere kan jy liefde wys aan mense wat jou te na gekom het (Matthéüs 5:43-48)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe leef jy 'n lewe met die roeping waarna Paulus verwys?

b) Wie is jou voorbeeld in hoe jy jou liefde teenoor ander uitleef?

c) Wat stel jou in staat om liefde aan ander te bewys?

d) Hoe wys jy liefde aan ander in jou daaglikse lewe? In watter areas kan jy nog verder groei?

e) Hoe reageer jy as jy teenstand beleef of seerkry? Hoe kan jy jou reaksie aanpas in lyn met God se Woord?

5. Gebedspunte

a) Dat ek sal lewe in ooreenstemming met my roeping in Christus.
b) Dat ek na Christus as my voorbeeld van liefde sal kyk.
c) Dat ek in die liefde van Christus deur geloof gegrondves sal wees.
d) Dat ek deur die Heilige Gees in die innerlike mens versterk sal word.
e) Dat ek die vrug van die Gees in my verhoudings met ander sal uitleef.
f) Dat ek alle mense, insluitend die mense wat my seermaak, in lyn met Bybelse beginsels sal behandel.

SESSIE 2: GOEDHARTIGHEID

1. Aanhalings

In elke area van jou lewe, wees vrygewig as jy nie hoef te wees nie. In verhoudings, vergewe vrylik, bewys goedhartigheid en wees sagmoedig. By die werk, doen jou beste, doen meer as wat van jou verwag word, en leef met integriteit.

- Mel Blackaby (Going the second mile)

Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong.

Beskrywing van die deugsame vrou in Spreuke 21:26

2. Bybelverse

a) Spreuke 21:21
b) Spreuke 31:26
c) Filippense 2:3-5
d) Efésiërs 4:26-32
e) Kolossense 3:12-15

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Hoe word die spraak van die deugsame vrou in Spreuke 31 beskryf (Spreuke 31:26)?

b) Wat kan mense wat geregtigheid en weldadigheid (goedhartigheid) nastreef, verwag om te vind (Spreuke 21:21)?

c) Hoe lyk die gesindheid wat ons van Christus moet leer (Filippense 2:3-5)?

d) Op watter praktiese wyses kan ons goedhartigheid teenoor ander mense volgens Efésiërs 4:26-32 uitleef?

e) Hoe behoort ons 'n goedhartige gesindheid volgens Kolossense 3:12-14 na te streef?

f) Wat kan ons help om hierdie gesindheid te openbaar (Kolossense 3:15-16)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe belangrik is dit vir jou om goedhartig teenoor ander mense te wees?

b) Wat is die bewys dat jy wel goedhartig is? Sou ander mense voorbeelde van jou goedhartigheid kon noem?

c) Hoe kan jy doelbewus dade van goedhartigheid doen?

d) Wat help jou om op hierdie pad van goedhartigheid te groei?

e) In watter areas moet jy nog steeds groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek goedhartigheid as belangrik sal beskou in my daaglikse wandel met Christus.
b) Dat ek sal kies om dade van goedhartigheid te doen.
c) Dat ek aktief sal groei in goedhartigheid.
d) Dat ek seker sal maak dat die vrede van God my sal help om in goedhartigheid te groei.

SESSIE 3: VERGIFNIS

1. Aanhalings

"Bitterheid steel ons vreugde en vrede. Dit ontvoer ons, neem ons na plekke waarnatoe ons nooit wou gaan nie, laat ons dinge doen wat ons nooit wou doen nie, en maak ons mense wat ons nooit wou word nie."

- Bill Elliff (aangehaal deur Nancy Leigh De Moss in Seeking Him)

Ons moet altyd onthou dat vergifnis nie 'n uitdrukking van emosie is nie, maar 'n aksie van self-dissipline. Ons kan staatmaak op die Heilige Gees, as die Gees van "krag, liefde en selfbeheersing" (2 Timotheus 1:7)

- Derek Prince (Rules of engagement)

2. Bybelverse

a) Matthéüs 6:12-15
b) Matthéüs 7:1-6,12
c) Matthéüs18:15-17, 21-35

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat is die goue reël in hoe ons ander moet behandel (Matthéüs 7:12)? Waarom?

b) Waarom moet ons nie ander oordeel nie (Matthéüs 7:1-2)? Wat moet ons eerder doen (Matthéüs 7:3-5)?

c) Watter riglyne moet ons met ernstige konfliksituasies volg (Matthéüs 18: 15-17)?

d) Watter voorwaarde word in die "Onse Vader" gebed beklemtoon as noodsaaklik vir vergifnis van ons sondes (Matthéüs 6:12)?

e) Wat behels vergifnis (Matthéüs 6:12; Matthéüs 18:21-22)?

f) Waarom is vergifnis so belangrik (Matthéüs 6:14-15)?

g) Wat is die gevolge van onvergewensgesindheid (Matthéüs 18:23-35)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe verstaan jy vergifnis?

b) Watter rol speel vergifnis in jou lewe? Hoe belangrik is vergifnis vir jou?

c) Op grond waarvan vergewe jy ander?

d) Hoe maak jy seker dat jy wel mense vergewe? In watter area van vergifnis moet jy steeds groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek vergifnis as belangrik sal beskou.
b) Dat ek ander sal vergewe omdat God my vergewe het.
c) Dat ek die gevolge van onvergewensgesindheid in my lewe in 'n ernstige lig sal beskou.
d) Dat ek aktiewe stappe sal neem om daagliks te vergewe.

SESSIE 4: EINDIG STERK (E)

1. Aanhalings

Paulus het geleer dat die ware apostel die een is wat vasbyt wanneer almal anders opgee… Die eerste bewys van 'n apostoliese bediening is nie wonderwerke nie, maar volharding. Tog, reg aan die einde van sy lewe, het sy mede-werkers hom in die tronk verlaat. Wat was hul tekortkoming? Volharding. Wat kenmerk die apostel? Volharding. Ons moet die Here vra om ons te help om volharding te bou.

Derek Prince (Rules of engagement)

Slegs een ding sal ons in staat stel om getrou met God te kommunikeer – *'n opregte begeerte vir gemeenskap met Hom.* Ons is in God se beeld geskape met die hoop om die ewigheid saam met Hom te spandeer. Gemeenskap met Hom kan ons vir 'n ware, geseënde lewe toerus, beide hier en in die hiernamaals. Om meer van God te hê, om Hom beter te ken, om die bemoediging van Sy liefde en sterkte te ontvang, om ons lewe met Syne te vul – om hierdie redes, nooi Hy ons om in die binnekamer te gaan en die deur toe te maak.

Andrew Murray (A life of obedience)

2. Bybelverse

a) Romeine 5:6,11
b) Jakobus 1:2-4
c) Hebreërs 12:1-3
d) Johannes 6:38-40

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat is die beginpunt in ons wandel met God (Romeine 5:6,11)?

b) Hoe belangrik is volharding om karakter te ontwikkel (Jakobus 1:4) Hoe word karakter ontwikkel (Jakobus 1:2-4)?

c) Hoe het Jesus Sy werk met vreugde voltooi (Heb. 12:2)? Wat was die resultaat van Sy volharding (Heb. 12:2)?

d) Hoe kan die voorbeeld van Jesus ons help om sterk te eindig (Heb. 12:2-3)

e) Watter praktiese beginsels het Jesus toegepas om Sy werk te voltooi (Johannes 6:38-40)?

f) Wat is belangrike stappe wat ons moet volg om ons wedloop suksesvol te voltooi (Heb. 12:1)?

4. Persoonlike vrae

a) Wat beskou jy as die beginpunt in jou verhouding met Christus?

b) Hoe inspireer Jesus se voorbeeld van volharding vir jou?

c) Watter aanpassings moet jy maak om jou wedloop te voltooi?

5. Gebedspunte

a) Dat ek die belangrike rol van volharding in 'n volwasse karakter sal verstaan.
b) Dat ek seker sal maak wat die beginpunt van my verhouding met Christus is.
c) Dat ek voortdurend na Jesus as die Beginner en Voleinder van my geloof sal kyk.
d) Dat ek Bybelse beginsels sal toepas om my wedloop te voltooi.

SESSIE 5: PASSIE EN DOEL

1. Aanhalings

Maak hierdie besluit eens en vir altyd. Onthou God se reël: Gee Hom alles en Hy sal jou alles gee. Toewyding beteken niks nie, behalwe as jy bereid is om jouself as 'n lewende offer te gee, wat niks doen, behalwe die wil van God nie.

Andrew Murray (A Life of Obedience)

Jou heiligheid is nie ondergeskik aan ander doelwitte vir jou lewe nie – dit is God se hoofdoelwit vir jou lewe. Dit is iets wat Hy begeer, beplan en voorsiening voor gemaak het, nog selfs voor Hy die wêreld geskep het… Deel jy Sy doelwit vir jou lewe? Waarvoor leef jy? Van die oomblik dat jy opstaan totdat jy gaan slaap, is jy doelbewus besig om saam met God te werk om Sy ewige doelwit te bereik om jou heilig te maak?

Nancy Leigh DeMoss (Holiness)

Dit is wanneer jy in God se doelwitte beweeg dat alles ten goede meewerk. Dit is wanneer jy in God se doelwitte beweeg dat wat jy ookal vir die Vader in die naam van Jesus vra, gedoen word. Maar die geheim van die hele saak is om die taak van God te vind en te doen.

Derek Prince (Set apart for God)

Die beste manier om God en die mense rondom ons te dien is om die presiese doelwit waarvoor ons geskep is te vind, die presiese doelwit waarvoor ons bestaan, en dan binne daardie hoedanigheid te dien.

O.S. Hawkins (VIP)

2. Bybelverse

a) Filippense 3:10-11
b) Psalms 27:4
c) 1 Korinthiërs 3:5-10
d) Matthéüs 11:28-30
e) Romeine 12:2, 9-21

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat was die hoofdoelwit wat Paulus nagestreef het (Filippense 3:10-11)? En Dawid (Psalms 27:4)?

b) Hoe is ons mede-werkers van God, elkeen met 'n spesifieke opdrag (1 Korinthiërs 3:5-10)?

c) Wat is 'n belangrike beginsel om ons doelwit as mede-werkers van God uit te leef (Matthéüs 11:28-30)?

d) Hoe kan ons die wil van God vir ons lewe ontdek (Romeine 12:2)?

e) Hoe sal ons gedrag verander in lyn met 'n nuwe verstand (Romeine 12:9-21)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe weet jy dat jy 'n mede-werker van God is?

b) Wat is die een doelwit wat jy bo alle ander doelwitte stel?

c) Wat motiveer jou om hierdie doelwit te bereik?

d) Is daar areas in jou lewe waar jy na 'n nuwe rigting moet beweeg in lyn met God se Woord?

e) Wat is die bewys dat jy werklik na die wil van God soek met 'n nuwe verstand? In watter areas moet jy nog steeds groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek sal seker maak dat my doelwitte in lyn met God se wil en prioriteite is.
b) Dat ek nie Christus vooruit sal loop nie, maar as 'n mede-werker onder Sy leierskap en leiding sal werk.
c) Dat ek verander sal word deur die vernuwing van my verstand.

SESSIE 6: VOLHARDING EN GEDULD

1. Aanhaling

Elke God-gegewe visie sal 'n werklikheid word as ons net geduld het… Wanneer die lig van die glorie van die visie skyn, begin ons dadelik om dinge te doen, maar die visie is nog nie 'n werklikheid in ons nie. God moet ons na die vallei neem en ons deur vure en vloede neem om in ons vorm te kry, totdat ons op 'n punt kom waar Hy ons met die werklikheid van die visie kan vertrou.

Vandat God ons die visie gegee het, was Hy aan die werk. Hy is besig om ons te vorm vir die doelwit wat Hy vir ons het. En tog probeer ons oor en oor om van die Beeldhouer se hand te ontsnap in 'n poging om onsself in die vorm van ons eie doelwit te skep… Laat die Pottebakker toe om jou op die wiel te plaas en rond te draai soos wat Hy goeddink. Dan, so seker soos wat God God is en jy jy is, sal jy gevorm word in die presiese beeld van die visie.

- Oswald Chambers (My utmost for His Highest)

2. Bybelverse

a) Hebreërs 6:1
b) Hebreërs 10:35-38
c) 2 Petrus 1:3-11
d) 1 Korinthiërs 9:24-27
e) Psalms 27:14
f) Lukas 18:1-8
g) Jesaja 30:18
h) Jesaja 64:4
i) Filippense 2:12-13

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Na watter doelwit moet ons standvastig beweeg in ons wandel met Christus (Hebreërs 6:1)?

b) Hoe kan ons deelgenote van die goddelike natuur word (2 Petrus 1:3-4)?

c) Wat is die eienskappe van die goddelike natuur(2 Petrus 1:5-7)?

d) Waarom is dit noodsaaklik dat ons hierdie eienskappe ontwikkel (2 Petrus 1: 8-11)?

e) Wat kan ons van die weduwee in Lukas 18:1-8 leer oor die waarde van volharding in gebed?

f) Wat is die belofte van God vir diegene wat op Hom wag met geduld en volharding (Jesaja 30:18; Jesaja 64:4)

g) Watter beginsels het Paulus gevolg om te verseker dat hy sy wedloop met volharding voltooi het (1 Korinthiërs 9:24-27)?

h) Watter beginsels kan ons nastreef om ons wedloop met volharding as mede-werkers van Christus te voltooi (Philippense 2:12-13; Hebreërs 10:35-38)?

4. Persoonlike vrae

a) Wat motiveer jou om in geestelike volwassenheid te groei?

b) Hoe vorder jy om die eienskappe van geestelike volwassenheid te ontwikkel? In watter areas is jy besig om te groei?

c) Watter beginsels pas jy toe om te verseker dat jy jou wedloop met volharding en geduld hardloop?

d) Hoe volhardend is jy in gebed?

d) In watter areas van jou lewe het jy nodig om in geduld en volharding te groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek seker sal maak dat geestelike volwassenheid 'n belangrike doelwit in my lewe is.
b) Dat ek doelbewuste stappe sal neem om die eienskappe te ontwikkel wat van geestelike volwassenheid getuig.
c) Dat ek doelbewus die beginsels sal nastreef om my wedloop met volharding en geduld te hardloop.
d) Dat ek sal volhard in gebed.

SESSIE 7: "ATTITUDE" (GESINDHEID) (A)

1. Aanhalings

Motief en gesindheid is van primêre belang vir God. God kyk nie na ons soos ons na onsself kyk of self na mekaar kyk nie… Ons kyk net na die uiterlike – ons hoor die woorde, ons kyk na voorkoms en ons maak afleidings. Maar die Here kyk onder die oppervlak – na 'n persoon se motief en hartsgesindheid.

Derek Prince (The promise of provision)

God is meer besorg oor karakter as prestasies. Prestasies is slegs belangrik in die area van tyd, maar karakter is vir ewig. Dit bepaal wie ons gaan wees regdeur die ewigheid.

Derek Prince (Rules of engagement)

God is op soek na 'n persoon wie se hart opreg is met Hom en wie na Hom kyk vir leierskap. God is op soek na 'n persoon wat die mense na Sy leierskap sal wys.

Henry Blackaby and Claude V. King (Fresh encounter)

2. Bybelverse

a) Filippense 2:5-8, 14-15
b) Filippense 4:8
c) Efésiërs 4:20-32

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Hoe word die gesindheid van Jesus beskryf (Filippense 2:5-8)?

b) Hoe behoort ons gesindheid te wys dat ons regtig vir Jesus as ons voorbeeld volg (Efésiërs 4:20-24; Filippense 4:8)?

c) Watter tipe gedrag word met 'n nuwe gesindheid verbind (Efésiërs 4:24-32; Philippense 2:14-15)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe belangrik is dit vir jou om dieselfde gesindheid as Jesus te hê?

b) Op watter wyses leef jy die gesindheid van Christus uit?

c) Op watter maniere wys jy mense na God se leierskap?

d) In watter areas moet jy nog groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek sal poog om die gesindheid van Christus in all omstandighede uit te leef.
b) Dat ek my verstand sal vernuwe in lyn met God se Woord sodat ek Christus se gesindheid sal uitleef.
c) Dat ek mense na God se leierskap sal wys.
d) Dat ek saam met God sal werk om te groei sodat ek Christus se gesindheid in alle areas sal uitleef.

SESSIE 8: UITNEMENDHEID

1. Aanhalings

Oorspronklik, in sekulêre Grieks, is die woord op uitnemendheid in elke area van die lewe toegepas – om 'n kleipot te maak, 'n boot te stuur of 'n fluit te speel. Hier, in die Nuwe Testament ook. Ek glo, die betekenis moet nie slegs beperk word tot morele karakter nie. Dit sluit elke moontlike area van die lewe in.

Derek Prince (Rules of engagement)

Onthou, die Gees van die Here is op soek na 'n sekere tipe persoon – iemand wie se hart perfek op God gerig is. Wees daardie persoon van karakter, en God sal Homself sterk bewys namens jou.

Derek Prince (Rules of engagement)

Wanneer ons in ons professionele lewe betyds vir werk opdaag en ons take met uitnemendheid verrig, doen ons wat integriteit verlang en versterk daarmee wat in ons gewortel is.

O.S. Hawkins (VIP)

2. Bybelverse

a) Daniël 6:2-4
b) Filippense 1:9-10
c) Filippense 4:8
d) 1 Petrus 2:9,12
e) 2 Petrus 1:5

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Hoe het Daniël bo die ander landvoogde en ministers uitgestaan (Dan. 6:2-4)?

b) Hoe kan ons onderskeiding ontwikkel om te fokus op dit wat eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is (Filippense 1:9-10; Filippense 4:8)?

c) Op watter wyse is uitnemendheid deel van die goddelike natuur (2 Petrus 1:5)?

d) Hoe kan ons gedrag en keuses 'n getuienis vir die wêreld van God se uitnemendheid wees (1 Petrus 2:9,12)?

4. Persoonlike vrae

a) Sien mense jou as 'n persoon van uitnemendheid?

b) Hoe onderskei jy wat eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is?

c) Hoe kan jy uitnemendheid ontwikkel?

d) In watter opsig leef jy uitnemendheid uit?

5. Gebedspunte

a) Dat my voortdurende doelwit sal wees om die uitnemendheid van God uit te leef.
b) Dat ek my gedagtes sal rig op dit wat eerbaar, regverdig, rein, lieflik en loflik is.
c) Dat ek toegewyd sal wees om geloof en uitnemendheid te ontwikkel.

SESSIE 9: OPLOSSING-GEFOKUS DEUR GODDELIKE WYSHEID

1. Aanhalings

Daar is voldoende genade in Christus vir die werk wat jy moet doen. Jy sal sien hoe Hy, die Hoof, met toenemende genade in jou werk. Jy sal sien hoe werk vir God jou naaste en volste gemeenskap met Christus word – jou hoogste deelname in die krag van die nuwe verheerlikte lewe.

Andrew Murray(God's plans for you)

Die besef dat God die bron van alle voorsiening is, lei tot 'n basiese beginsel wat regdeur die Skrif beklemtoon word: *Gehoorsaamheid aan God bring seën – oorvloed in elke area van ons lewe.*

Derek Prince (The promise of provision)

2. Bybelverse

a) Jakobus 1: 5-7
b) Jesaja 28:29
c) Spreuke 2:4-12
d) Spreuke 3:13-19
e) Spreuke 4:6-8
f) Jakobus 3:17-18

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat kan ons doen wanneer ons wysheid tydens probleme en uitdagings, nodig het (Jakobus1:5)?

b) Hoe word God beskryf in terme van Sy vermoë om wysheid aan die regverdiges te gee (Jesaja 28:29; Spreuke 2:6-7; Spreuke 3:19)?

c) Wat is beloftes wat met God se wysheid verbind word (Spreuke 2:4-12; Spreuke 3:13-18)?

d) Hoe belangrik moet ons goddelike wysheid ag (Spreuke 4:6-8)? Wat is belangrike beginsels om te onthou?

e) Wat is die eienskappe van goddelike wysheid (Jakobus 3:17)? En hoe word die vrug van geregtigheid gesaai (Jakobus 3:18)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe belangrik is dit vir jou om goddelike wysheid in elke area van jou lewe toe te pas?

b) Hoe dikwels vra jy vir God vir wysheid? Wat is die vrug hiervan in jou lewe?

c) Hoe het goddelike wysheid al vir jou gehelp om uitdagings in die verlede te oorkom?

d) Hoe kan jy verseker dat goddelike wysheid 'n prioriteit in jou lewe bly?

5. Gebedspunte

a) Dat ek goddelike wysheid 'n hoofprioriteit in my lewe sal maak.
b) Dat ek goddelike wysheid hoog sal ag en daarna sal streef om dit te vind.
c) Dat ek vir God wysheid sal vra in elke besluit wat ek moet neem en vir elke taak wat ek moet doen.

SESSIE 10: DISSIPLINE (D)

1. Aanhaling

'n Veranderde gebedslewe is die duidelikste bewys dat 'n persoon saam met Jesus wandel. Onthou, God het dit vooruit beplan dat ons in die beeld van Sy Seun verander word. En die mees uitstaande kenmerk van Jesus was sy gebedslewe. Om daardie tweede myl aan te durf is om daardie persoon, wie 'n invloed op die ewigheid het, te wees.

- Mel Blackaby (Going the second mile)

-

2. Bybelverse

a) Hebreërs 5:7-9
b) Hebreërs 12:5-11
c) 2 Timótheüs 2:3-7
d) 2 Timótheüs 3:16
e) Filippense 4:6-7

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Hoe hou God se dissipline verband met Sy liefde vir ons (Hebreërs 12: 6)?

b) Hoe moet ons reageer op God se dissipline (Hebreërs 12:5,7-10)?

c) Wat is die gevolg wanneer ons God se dissipline in ons lewe aanvaar (Hebreërs 12:11)?

d) Hoe was Jesus vir ons 'n voorbeeld van dissipline en gehoorsaamheid (Hebreërs 5:7-8)? En hoe help Jesus ons nou om gehoorsaamheid te leer (Hebreërs 5:9)?

e) Wat is die rol van die Woord om ons in dissipline en gehoorsaamheid te versterk (2 Timótheüs 3:16-17)?

f) Wat is Bybelse beginsels van dissipline (2 Timótheüs 2:3-7)?

g) Hoe belangrik is dit om 'n gedissiplineerde gebedslewe te ontwikkel (Filippense 4:6)? Wat het hierdie tipe gebed tot gevolg (Filippense 4:7)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe belangrik is dit vir jou om die Skrif te bestudeer en te bid?

b) Wat is die bewys dat jy met dissipline en in gehoorsaamheid aan God leef?

c) In watter areas van jou lewe moet jy steeds groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek waarde sal heg aan God se dissipline in my lewe.
b) Dat ek met dissipline die Bybel sal bestudeer en voortdurend sal bid.
c) Dat ek in elke area van my lewe deur dissipline sal groei.

SESSIE 11: YWER EN TOEGEWYDHEID

1. Aanhalings

Daar is geen ruimte vir luiheid in enige area van die Christelike lewe nie. Baie selde, indien ooit, sal God 'n persoon vanuit mislukking in 'n sekulêre roeping tot sukses in 'n geestelike roeping, roep. Die persoon wat onbetroubaar is in die minste (die sekulêre), sal ook onbetroubaar wees in die grote (die geestelike) (sien Lukas 16:10).

Derek Prince (Rules of engagement)

Ons Here het Sy mense in vennootskap met Homself geneem en Sy werk op aarde heeltemal in hulle sorg toevertrou. Hulle verwaarlosing sal die werk laat skade lei. Hulle toegewydheid sal Sy verryking wees. Hier sien ons die ware basiese beginsel van Christelike dienslewering: Christus het Homself afhanklik gemaak van die getrouheid van Sy mense vir die uitbreiding van Sy koninkryk.

Andrew Murray (Gods plans for you)

2. Bybelverse

a) Spreuke 12:11,24, 27
b) Spreuke 13:4
c) Spreuke 27:18
d) Galasiërs 6:9
e) Prediker 10:18-19
f) Lukas 16:10-11
g) Efésiërs 6:5-9

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat is belangrike beloftes wat met toegewydheid verband hou (Spreuke 27:18; Galasiërs 6:9)?

b) Hoe word die hardwerkende persoon beskryf teenoor die lui persoon (Spreuke 12:11, 24 en 27; Spreuke 13:4)?

c) Wat is die gevolg van luiheid, veral wanneer leiers lui is (Prediker 10:18-19)?

d) Waarom is dit belangrik om getrou en toegewyd te wees (Lukas 16:10-11)?

h) Wat is belangrike beginsels in die werkplek (Efésiërs 6:5-9)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe toegewyd is jy om God in elke area van jou lewe te soek?

b) Hoe toegewyd is jy in jou daaglikse take?

c) Sal mense jou as 'n toegewyde leier in jou area van invloed beskryf?

d) In watter areas moet jy nog verder groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek God in elke area van my lewe sal innooi en onder Sy leiding sal leef en werk.
b) Dat ek toegewyd in leierskap, daaglikse take en al my ondernemings sal wees.
c) Dat ek doelbewus saam met God sal werk om toegewydheid in elke area van my lewe te ontwikkel.

SESSIE 12: SELFBEHEERSING

1. Aanhaling

Elke toets van volharding is ook 'n toets van selfbeheersing. Dit sal elke swakheid in die verskillende areas van ons persoonlikheid blootstel. In die area van emosies, mag die swakheid vrees of ontnugtering of depressie wees. In ons vleeslike natuur mag dit onbeheersde begeertes wees. In ons persoonlike verhoudings mag dit woede of jaloesie wees. In ons geestelike ontwikkeling mag dit trots of oormatige selfvertroue wees.

Derek Prince (Rules of engagement)

2. Bybelverse

a) 2 Timótheüs 1:7,9
b) 2 Timótheüs 2:22-25
c) Titus 2:11-12
d) Romeine 6:14,18

3. Kom ons dink 'n bietjie na

a) Wat is die eienskappe van die gees wat God vir ons gee (2 Timótheüs 1:7)?

b) Wat is die roeping waartoe ons geroep word (2 Timótheüs 1:9)?

c) Wat is die doelwit en funksie van genade (Titus 2:11-12)?

d) Wat is die bewys dat 'n persoon onder die genade van God leef (Romeine 6:14,18)?

e) Hoe word 'n lewe, gekenmerk deur selfbeheersing, beskryf (2 Timótheüs 2: 22-25)?

4. Persoonlike vrae

a) Hoe leef jy die roeping tot 'n heilige lewe deur selfbeheersing uit?

b) Kan jy dink aan voorbeelde hoe God se genade jou al gehelp het om goeie keuses te maak en jou roeping uit te leef?

c) In watter areas van selfbeheersing moet jy nog groei?

5. Gebedspunte

a) Dat ek ernstig sal wees om my roeping tot 'n heilige lewe uit te leef.
b) Dat ek seker sal maak dat ek die doelwit en funksie van God se genade reg sal verstaan.
c) Dat my lewe 'n bewys sal wees dat ek onder God se genade leef.
d) Dat ek selfbeheersing deur volharding sal leer.
e) Dat ek my wedloop met dissipline, toegewydheid en selfbeheersing sal voltooi.

HULPBRONLYS:

1. Blackaby, H. T. & King, C.V. (1996). *Fresh encounter: experiencing God through prayer, humility and a heartfelt desire to know Him.* Broadman & Holman Publishers: Nashville, Tennessee.
2. Blackaby, M. (2008). *Going the second mile: letting God take you beyond yourself.* Multnomah Books: Colorado Springs.
3. Chambers, O. (1993). *My utmost for His Highest.* Christian Art Publishers: Vereeniging.
4. DeMoss, N. L. & Grissom, T. (2004). *Seeking Him: experiencing the joy of personal revival.* Moody Publishers: Chicago.
5. DeMoss, N. L. (2004). *Holiness: the heart God purifies.* Moody Publishers: Chicago.
6. Hawkins, O.S. (2016). VIP – Very Influential Person: how to influence with vision, integrity and purpose. Thomas Nelson: Nashville, Tennessee.
7. Murray, A. (2002). *God's plans for you.* Whitaker House: New Kensington.
8. Murray, A. (2004). *A life of obedience: learning to trust His time, His place, His will.* Bethany House.
9. Prince, D. (2011). *The promise of provision.* Chosen Books: Minnesota.
10. Prince, D. (2011). *Set apart for God: the beautiful secret of holiness.* Whitaker House: New Kensington.
11. Prince, D. (2006). *Rules of engagement.* Chosen Books: Grand Rapids, Michigan.